

Afdeling A (Verplichtend)**Vraag 1**

Die meeste kandidate het hierdie vraag baie goed beantwoord. Punte behaal het tussen 26 en 34 gewissel. Baie min kandidate kon volpunte behaal. Vraag 1.2.4 was problematies vir kandidate. 'n Aantal het *g* in plaas van *d* as antwoord gegee.

Afdeling B (Verplichtend)**Vraag 2**

2.1.1, 2.2, 2.3, 2.4 en 2.6 is bevredigend beantwoord, 2.6 is goed deur Engelssprekende kandidate beantwoord.

Alle ander onderafdelings was problematies vir kandidate aangesien hulle nie kon onderskei tussen 2.1.3 en 2.5 nie.

Vraag 3

In 3.1.1 kon kandidate die kenmerke betreklik goed noem, maar hulle het gesukkel om die voorbeelde met die kenmerke in verband te bring.

Kandidate het 3.1.2 en 3.1.3 redelik goed geïnterpreteer.

Die afdeling waarop 3.2 betrekking het, verdien baie aandag in die klaskamer, aangesien kandidate gesukkel het met bewerkings en om redes in 3.2.2 te verskaf.

In 3.3 het bewerkings weer probleme veroorsaak. Motiverings in 3.3.2 gegee, was hoofsaaklik raaiwerk.

3.4, 3.5 en 3.6 is taamlik goed gehanteer.

Vraag 4

Hierdie vraag het baie verwarring veroorsaak, aangesien kandidate dit nie kon verstaan nie.

4.1, 4.5.2 en 4.6 is deur die meeste kandidate korrek beantwoord.

4.5.1 was vir die meeste kandidate problematies, aangesien hulle nie die kragveldprobleemoplossingstegniek kon toepas nie.

Afdeling C**Vraag 5**

Bykans al die kandidate het hierdie vraag beantwoord en het 'n taamlike deeglike begrip van die SSGB (SWOT)-analise getoon. Formulering en evaluering van strategieë is egter in die meeste gevalle nie gegee nie.

Vraag 6

Kandidate kon nie 'n behoorlike verduideliking gee van hoekom sekere tipes versekering verplichtend gemaak moet word nie. Daar was egter 'n taamlike goeie begrip van versekering in die algemeen.

Vraag 7

Die vraag is deur die meeste kandidate, wat hierdie vraag aangepak het, swak beantwoord. Die terme "etiese gedrag" en "professionele gedrag" is gegee, maar geen beginsels en evaluerings van hierdie kwessies is voorsien nie.

Vraag 8

Groot verwarring het hier by kandidate geheers, aangesien hulle nie hierdie vraag kon interpreteer nie.